# 6 April 2023 - Lesing 2 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

## Openbaring 6

*12 En ek het gesien toe Hy die sesde Seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;*

*13 en die Sterre van die Hemele het op die Aarde geval, soos 'n Vyeboom wat deur 'n groot Gees geskud word, Haar navye laat afval;*

*14 en die Hemele het weggewyk soos 'n Boekrol wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; [JeshaJaH 24:19]*

*15 en die konings van die Aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,*

*16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die Aangesig van Hom wat op die Troon sit, en vir die toorn van die Lam;*

*17 want die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?*

## Openbaring 8

*6 En die sewe Boodskappers met die sewe ramshorings het hulle gereedgemaak om te blaas. [2 Ezra 6:23]*

*7 En die eerste Boodskapper het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die Aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.*

*8 En die tweede Boodskapper het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,*

*9 en 'n derde van die skepsele in die see [wat] 'n siel het, het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.*

*10 En die derde Boodskapper het geblaas, en 'n groot Ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die Hemele geval, en hy het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.*

*11 En die naam van die Ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat hy dit bitter geword het.*

*12 En die vierde Boodskapper het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die Sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.*

*13 En ek het gesien en gehoor 'n Boodskapper wat in die middel van die Hemele vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die Aarde woon,* ***vanweë die orige geluide*** *van die ramshoring van die drie Boodskappers wat nog sal blaas!*

## Antichris - Chaos - Wêreldgebeure – 15/2/57

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**No 6762** Daar sal onbeskryflike chaos wees **nadat** Ek deur die geweld van die natuur gepraat het, want vir solank as wat die aarde bestaan, was so iets nog nooit deur die mensdom beleef nie. Hulle sal deur angs en skrik nie in staat wees om te dink en handel nie, want hulle sal ’n herhaling van hierdie gebeurtenis vrees en sal daarom geen hand uitsteek om te help en te red waar hulp nog moontlik is nie.

Slegs weinig sal besef wat gebeur het, omdat dit al vooraf aan hulle geopenbaar was en sal nou die waarheid van My Woorde insien, daarom sal hulle ook hul medemens met volle oortuiging uitleg gee, ofskoon weiniges sal luister. Hulle sal eerder alles glo, behalwe om 'n Goddelike Verlossingsplan te aanvaar wat op hierdie manier verwesenlik word.

Nogtans moet hierdie tyd goed benut word en terselfdertyd moet **mense ook in kennis gestel word van die komende einde**. Dit wat homself dan in die kosmos voltrek het, sal nie deur hulle ontken kan word nie en die feit dat dit vooraf aangekondig was, kan enkele mense nog tot nadenke stem. Maar die wil om te lewe en die drang tot selfbehoud sal tog seëvier en mense sal alles doen om die aardse nood te bemeester, wat veroorsaak was deur hierdie natuurkatastrofe. En weereens beslis die graad van liefde, hulpvaardigheid en die wil om die naaste by te staan of en hoe hul eie omstandighede sal verbeter, want Ek sal almal help wat hul medemens se nood sal verlig.

Maar baie sal swaarkry moet verduur as hulle slegs sal vertrou op hul eie krag, **oftewel sigbaar hulp ondervind van benede** indien hulle gevoelloos voortgaan ten koste van hul medemens. Die nood op aarde sal groot wees netsoos die chaos wat veroorsaak is deur ondenkbare vernietiging. En tallose mense sal ook hul geloof in een God en VADER verloor, omdat hulle erg geaffekteer was, maar hul **geloof was maar vormgodsdiens** en kon nie standhou in 'n ernstige beproewing nie.

Daarom maak Ek julle vooraf attent op wat gaan gebeur, sodat julle mense kan standhou en weet dat dit My plan is dat julle sal weet dat Ek ook Meester is oor die geweld van die natuur en dat dit dus ook maklik vir My sal wees om mense te help wat vooraf vir My om hulp sal vra. Ek hoef dit nie te openbaar nie. Ek sou ook skielik kon ingryp en alle mense verras, maar dan sou ook geen mens in My wou glo nie. Maar Ek wil egter hê dat julle My erken en dat julle in staat sal wees om alles oor te dra wat sal gebeur, soos wat dit verkondig is, want julle weet dat niks op hierdie aarde kan geskied sonder My wil nie. En dan kan julle julleself volgens My wil voeg, deur julle met volle geloof aan My oor te gee en om My beskerming te vra.

Daarom stuur en aan julle die kennis van wat voorhande is. **Daarom wy Ek julle in My Verlossingsplan in** en daarom versoek Ek julle, My dienaars, om **dringend en voortdurend julle kennis aan julle medemens deur te gee**. Die verbinding met My sal julle sekerste beskerming wees, wat ook al mag kom.

**En dan sal ook hy verskyn wie My teenstander sal wees aan die eindtyd,** wie hef in die hande sal neem, omdat die groot nood dit vir hom maklik sal maak - en hy sal dan nou ook maatreëls uitvaardig wat sy verbondenheid met Satan bewys. Hy sal baie aanhangers vind en sy heerskappy uitoefen sonder gewetensbeswaar. Hy sal ook probeer om die swakgelowiges van My te ontruk, maar sal egter weerstand van My kant af ondervind. **Want Ek sal Myne voorsien met groot krag** en hoe groter die nood skyn te word, des te sterker sal Myne wees, omdat hulle van My en My teenwoordigheid sal gewaarword - en nou sonder vrees of skroom sal spreek wat My GEES hulle sal ingee.

Maar dit alles moet egter die einde voorafgaan, omdat daar om elke enkele siel geworstel sal word en hierdie groot nood steeds nog **mense na My toe sal voer wat nog in hierdie laaste uur na My sal roep** en daardeur die lot van 'n hernieude kluistering sal vryspring. Amein.

Openbaring 9

*9:1 EN toe die vyfde Boodskapper blaas, sien ek 'n* ***Ster wat uit die Hemele op die Aarde geval het,*** *en aan hom is die* ***sleutel van die put van die Afgrond*** *gegee. [Openbaring van Henog 13:33; 2 Ezra 15:39]*

*9:2 En hy het die put van die Afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.*

*9:11 En hulle het as koning oor hulle* ***die boodskapper van die Afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.***